

Goeiemore en baie welkom

Ek gesels verlede week met 'n vriend. Ons gesels oor die eb en vloei van die lewe. Die persoon sê toe vir my, ja jy weet Toit Wessels, die lewe bestaan nie net uit reguit paaie nie. Soms is jy onder, soms is jy bo. Soms is jy baie gelukkig ander kere is jy baie hartseer. Toe hy dit sê, toe weet ek waaroor my getuienis vanoggend moes gaan:

Ek wil graag vanoggend met julle 'n getuienis deel van wat in my lewe gebeur het op Januarie 2016. Hierdie getuienis wat ek vanoggend met julle deel, het ek al by verskeie geleenthede gedeel. Dit is een van daardie verhale wat my as mens gevorm het. Ek dink egter nie dit is 'n "ou preek nie" want ek het die afgelope twee weke hierdie verhaal in my lewe gaan herbesoek en dit oorgeskryf vir vandag. Ek het ook weer moeite gedoen met die deurlees van die teks, ek glo soos wat ons groei, groei die lewe ook. Vir hoe dit nou, hier in en deur my lewe sin maak...

Hierdie getuienis is gebou op 'n liedjie genaamd Wonder vanaf Bethel. A.g.v die Live streaming kan en mag ek dit ongelukkig nie speel nie, maar jy is welkom om net hieronder in die "chats" op 'n skakel van die liedjie te klik, en daarna op jou eie tyd te luister.

Baie mense het stokperdjies.

Sommige doen houtwerk, sommige draf en neem deel aan Maratons. Sommige werk aan karre. Sommige speel gholf, sommige speel op die 19de gaatjie. My stokperdjie is krieket kyk. Daar is min dinge wat my so opgewonde maak soos om op Nuweland na 'n Vyf-dag toetswedstryd te kyk, ek mis selde 'n Nuwejaarstoets op Nuweland. Ek moet dalk net deel vanoggend dat ek nog nooit op St Georges park was nie, maar ek is opgewonde om daar ook krieket te aanskou. So in Januarie 2016 aanskou ek en Odette ons eie Proteas teen die ou vyand, Engeland. Ek was daar, en dit was vir my wonderlik. Wat my aangryp van toetskrieket is die spel binne die spel. Die wedstryd wat gebeur binne die wedstryd. Soos byvoorbeeld: wie gaan die loot wen, wie gaan die boul aanval open, hoe gaan die veldplasinge lyk? Ek sit gewoonlik daar in verwondering oor die spelers se spel, maar ook oor die toeskouers se doen en late. Die duisende toeriste van Engeland wat agv die swak rand goedkoop kom krieket kyk in Suid Afrika. Die plaaslike toeskouers wat in hul groen en goud, of met hul Hashim Amla baarde, opdaag. Almal is reg vir die skouspel. Soos die dag aangaan, en die son begin bak, skuif ek dikwels rond binne die stadion. Elke keer, wanneer ek op 'n ander pawiljoen sit en ek vanaf 'n ander hoek na die wedstryd kyk, lyk dit vir my soos 'n nuwe wedstryd. Ek is in verwondering, dan sien ek hoe die bal swaai, dan sien ek hoe vêr die paaltjiewagter eintlik agter die paaltjies staan. Ek is in totale verwondering...Ek sit en wonder die hele dag lank... en dit is só lekker, baie baie lekker.

Wat my bring by ons gedagte van die dag:

- Wisdom begins in wonder (Socrates)
- As knowledge increases, wonder deepens (Charles Morgan)

Na 2 dae van krieket kyk op Nuweland, 2 dae van genoeg son en bier en verwonderende menswees, vind ek uit my vriend Johan van Huyssteen is onverwags oorlede. Ek het Johan in 2015 goed leer ken, ons was deel van 'n projek deur die jaar gewees en het in November saam met 15 ander Stellenbosch studente België besoek. Ek hoor die Sondagaand dat my vriend Johan, op sy pa se plaas in Kaareedouw van hoë krans af in die waterval geval het. Ek hoor dat hulle hom nie kon kry nie. Hulle moes ophou soek want dit was donker. En so gaan ek die nag in en wonder, waar is Johan, wat het van Johan geword? En die volgende oggend ontvang ek die tyding dat Johan nie meer met ons is nie. Hulle het Johan se lyk

gekry.. .. En ek wonder hoekom gebeur hierdie dinge? Hoekom gebeur dit met 'n 22 jarige man, iemand wat so voluit geleef het, iemand wat altyd die lewe wonderlik vir ander gemaak het? En my antwoord elke keer was, ek weet nie....

Dit was vir my 'n snaakse en moeilike tyd. Ek het eintlik nie geweet wat om met myself te maak nie. Ek het ook nie eintlik geweet hoe ek nou moet voel nie. Van die Nuwelandse krieket, die opwinding, die verwondering, na 'n paar dae van stilsit en refleksie en antwoordlose wonder, 'n wonder wat meer vrae laat ontstaan het as wat dit antwoorde bied..

En toe ek daardie week se teks, Lukas 9:28-43, en ek het presies dieselfde ervaring gehad... 'n gevoel van, ek weet nie.. Ek verstaan nie... Ek lees toe die teks weer en weer en later gaan lê ek op my arms en met my oë toe.. En ek dink by myself, moet ek nou gaan staan en hieroor preek? Hoe? Wat kan ek sê?

En die wonderlikste ding gebeur toe, terwyl ek só lê, hoor ek die musiek wat in die agtergrond op my rekenaar speel. Eintlik het die musiek nog heeltyd gespeel, en terwyl ek so lê word die musiek al duideliker...

*"May we never lose our wonder, May we never lose our wonder, Wide eyed and mystified, May we be just like a child, Staring at the beauty of our King".*

Lukas 9:28-43

Vir my, as logiese denker en jong man, is dit 'n vreemde en moeilike teks om te lees. Na die lees bly ek met 'n hele paar vrae:

Jesus kies net 3 dissipels om saam met hom te gaan. (Wat van die ander?).

Jesus bid op die berg en hier verskyn Moses en Elia. (Ek dog hulle is dood?).

Jesus se gesig verander en sy klere word skitterend wit. (Hoe gebeur dit?).

Dan kom daar 'n stem van God uit die wolk. (Hoe werk dit?)

Dan is almal terug op die grond en 'n man se seun word aangeval deur 'n bose gees. (Vreemd?)

En Jesus tree geïrriteerd en kwaad teenoor sy dissipels op. (Hoe pas dit by Jesus?)

En so kou ek aan hierdie teks.. Ek lees dit oor en oor en oor... wat hoor ek en wat kan dit vir my sê? Ek gaan kyk toe na die verskillende stemme wat ons binne die teks aantref. Die stem van Lukas die skrywer, die stem van Jesus wat met "geeste" en mense praat, Petrus wat soos altyd té vinnig iets sê, die oordonderende stem van God van iewers daarbo en die bekommerde stem van die aardse vader met die siek seun. 'n Klomp stemme, van verskillende mense en 'n hele aantal dinge wat gebeur.

Ek het lank hierna geluister en hieroor nagedink en toe besef ek....

Ons elkeen is op 'n unieke plek op 'n unieke reis.

Soms is ons op Nuweland, ons kyk krieket, ons geniet onself, ons is opgewonde oor die nuwe jaar en nuwe moontlikhede wat voorlê. 2016 met al die moontlikhede van 'n beter jy.

Ander kere is ons terug by die huis, ons wonder onopgewonde en moedeloos hartseer oor 'n vriend wat ons verloor het. Ons besef dit al Februarie is en die nuwejaarsvoorneme is al lankal by die agterdeur uit.

Soms is dit 1 September. En jy is oorweldig met 'n pragtige sonskyn dag. En jy sê vir jouself, 2021 is nog nie verby nie. Ek het nog 4 maande oor om 'n verskil te maak en daardie projek aan te pak.

Ander kere is dit 5 September. Dit is nie meer so lekker warm nie, die blomme van Woensdag lyk nie meer so mooi nie, en jy is ook nie vreeslik lus nie.

Soms oefen jy vir maande om daardie span te maak of om vir interskole 'n groot wedstryd te speel..  
Andere kere besef jy interskole is verby, of vind glad nie eers plaas nie, en jy moet op iets anders as sport fokus.

Soms is ons besig om planne te maak. Ons gaan hierdie lekker groot funksie hou. Ons gaan hierdie groot nuwe projek by die werk aanpak..

Ander kere gebeur Covid, en al die planne moet tydelik gestaak word totdat die wêreld weer Normaal funksioneer.

Soms is dit Sondag oggend en in 'n gesprek beleef ons God intiem.

Ander kere is dit Woensdag middag en ons besef Sondag se ervaring is vêr weg van ons af vandag.

Soms is ons omring met goeie vriende, geliefdes, 22 000 toeskouers...

Ander kere sit ons alleen in doodse stilte en dink aan wat met ons gebeur het.

Soms is ons by 'n vakansie bestemming en alles is bekend en mooi

Ander kere is jy terug by die werk met jou hande in jou hare oor die kollegas, baas of werksdruk.

En die laaste voorbeeld, het my hierdie week die diepste geroer:

Soms word 'n baba gebore, en hierdie baba is anders as die ander mense. Hierdie baba het net 1 been, of geen bene. Of net 1 arm, of sien nie so goed nie, of kan nie hoor nie.. En die ouers dink, wat nou? Kon my kind nie maar net normaal gewees nie..

Ander kere staan daardie eintste baba, met 'n goue medalje op die Podium in Tokoyo en word gekroon as die wereld se beste atleet. Ntando Mahlangu...

Die lewe is soos 'n hartklop... Dan heelbo... Dan weer onder... Dan weer bo.. Dan weer onder..... Die lewe bestaan nie uit reguit paaie nie.... As jy van hier af Kaap toe ry, dan ry jy dan op en dan weer af, en dan weer op en dan weer af...

Soms is ons bo-op die berg besig om heerlike dinge te ervaar.

Soms is ons onder die berg besig om pynlike dinge te ervaar.

Soms slaap ons en mis ons soos die drie dissipels iets of alles.

Maar ek besef dat dit maak nie saak of ons op die berg is of onder die berg is nie.

Ons is in verwondering. Of tydelik of ewig. Of positief of negatief.

Want bo-op die berg verstaan ons God nooit heeltemal nie en kan ons Hom nie verduidelik en verklaar nie. Bo-op die berg gebeur daar goed wat sommige as "weird" of "vreemd" sal beskryf. Eintlik misterieus. Ons kan alleen maar praat van ons ervaring met God. Ons kan alleen maar sê dat ons God ervaar het, daar bo-op die berg in ons binnekamer of by die kamp of by die groot saamtrek, of in daardie wonderlike liedjie wat ons so oor en oor gesing het, of dalk net binne in 'n gewone reisgesprek soos

vanoggend. Daardie bo-op die berg ervaring wat so diep, intiem en persoonlik is en niemand kan dit ooit van ons af wegvat nie.

En onder die berg verstaan ons die lewe nooit heeltemal en kan ons dit ook nie verduidelik en verklaar nie. Onder die berg, terug in die "real world" tref die harde realiteit van die alledaagse ons. Ons kan alleen maar praat oor die lêe damme en oor die vriend se dood, daaroor huil en jammer wees. Ons kan alleen net praat oor die politiese en sosiale probleme in die land.. Ons kan alleen wonder hoe Jesus dit reggekry het om met dieselfde gemak bo die berg, sowel as onder die berg te leef. Ek wonder hoe Jesus dit reggekry het om doelgerig van die berg af reguit na Jerusalem toe te stap? Maar ons bly antwoordloos daarvoor wonder.

En ons moet maar vrede maak met die eb en vloed van die lewe, die konflik van die lewe, die voortdurende afwisseling tussen op-die-berg en onder-die-berg, op-die-berg, onder-die-berg. Positiewe en heerlike verwondering, negatiewe en pynlik verwondering. Net soos wat ons liggame leef tussen honger en versadig, tussen moeg en uitgerus so leef ons gees tussen op-die-berg en onder-die-berg....Net soos wat Jesus vir ons kom wys het, hoe om op die berg, en onder die berg te kom leef. En dit bly tog menslik om hierdie op die berg ervaring vas te vang, en daaruit te gaan leef.

Miskien moet ons maar net sê: God neem ons soms teen die berg op sodat ons onder die berg kan oorleef. God neem my by die berg op, Hy leer my, en daarom kan ek onder die berg leef. Of ek nou op die berg in verwondering lewe, of onder die berg in wonder lewe, dit bly God...En my droom sal wees om ook soos die volk onder die berg uit te roep na almal was verslae oor die grootheid van God is.

Gebed: Dankie , Here, vir wonderlike tye en ervarings. Dankie vir die stilte wat ons soms saam met U bo-op die berg kan ervaar sodat ons in die geraas hieronder met vreemde vrede kan lewe. Help ons om vrede te maak met die eb en vloed van die lewe. Dankie dat U saam met ons is by die kriede op Nuweland en by die begrafnis van 'n vriend. Dankie dat U weet waar ons is, en dat U bereid is om ons juis daar te ontmoet.